219

→ ST/311/10/1/2
ST/311/1/3/1/SILWER/2/3

MEMORANDUM

Van: DST

Aan: HSI

Januarie 1982

SKAKELING MET LONRHO

1. Dr de Villiers het op 18 Januarie 1982 vir DST tuis geskakel vanuit Rowland se kantoor om kortliks die "goeie nuus" oor te dra van Rowland se ontmoeting met Mev Thatcher. Op Mev Thatcher se uitnodiging het Rowland op 17 Januarie 1982 middagete met haar geniet.

2. Marquard noem toe dat die ontmoeting baie goed verloop het. Rowland het haar die agter= grond van UNITA gegee en die belangrikheid van dr Savimbi en sy stryd in Suid-Angola uitgewys. Mev Thatcher se kommentaar was dat sy nog nooit die feite gegee is nie. Volgens Marquard deur Carrington weggehou. Sy gee nou haar persoonlike steun "ono". Sy sou ook op Maandag 18 Januarie 'n persoon na genl Haig stuur om van haar steun te verwittig.

3. Rowland het na die ontmoeting na Rabat gevlieg waar hy vir Spyker van die ontmoeting vertel het. Hy het glo 04h00 die oggend in Londen teruggekom. Rowland voel baie tevrede oor Thatcher se houding. Volgens de Villiers het hy vir ons 'n groot taak verrig.

218

4. Ook is verneem dat Savimbi op 22 Januarie in Kinshasa sal arriveer. Dit is nie duidelik of Rowland die vervoer voorsien nie.

5. Daar is ook oor Kaunda gepraat en Rowland wil 'n nuwe inisiatief begin tussen ons en Kaunda. Marquard sal DDIST eerstens met sy terugkeer verder voorlig. Hy wil dan ook vir HSI en HSAW sien.

[signature]

DIREKTEUR SPESIALE TAKE: BRIG